Ontmoeting 5

Jesus gee Sy beste

Jesus se eerste wonderwerk

Kinders leer dat Jesus altyd op die beste manier vir sy kinders sorg, nie op 'n tweedehandse manier nie.

(Vir die aanbieder: Hierdie ontmoeting mag in sekere omstandighede moeilik wees om aan te bied as gevolg van drankmisbruik in gemeenskappe. Dit is belangrik om die konteks van Jesus se wonderwerk te verstaan. Hy verander nie water in wyn om goedkeuring te verleen aan alkohol misbruik nie, net soos Hy nie 'n ooretery goedkeur met die vermeerdering van die broodjies en die vissies nie. Indien hierdie inhoud problematies kan wees, is u welkom om 'n ander wonderwerk te behandel.)

Teks: Johannes 2:1-12, Matteus 4:23

Hulpmiddels:

Tafel voor in vertrek

8 ondeursigtige glasies gevul met water (2), suurlemoensap (2), appelsap (2) en druiwesap (2) onderskeidelik

2 blinddoeke

Blou en rooi stukkies lap vir vlaggies

Karakters wat ons nodig het (pas dit aan by die grootte van die groep):

Bruid: plastiek bomme / net oor kop

Bruidegom: strikdas / kruisbande

Ma: lappie oor kop

Jesus: lap oor Jesus gebind

3 kelners: elkeen 'n lap oor hulle arms gevou

Hoofkelner: hoofhoed / "chef"-hoed ("staple" 'n wit karton aanmekaar vas as "chef"-hoed)

Skinker: baadjies; strikdas; beker

Gaste: vere; gesigmaskers; krale; dasse

Beker wat as leë beker wyn gebruik kan word; fles met rooi kleursel wat as nuwe wyn gebruik kan word. 6 Waterkanne vir die 6 watervate

Voorbereiding: Gebruik 'n ander deurskynende bak/fles met rooi kleursel wat droog geword het of ingegooi is sodat die kinders dit nie sien nie. Hierdie fles gaan gebruik word vir die nuwe wyn.

Afdrukke van inkleurprent en waterkruik

Skryfbehoeftes

A4-papier

Skêre

WELKOM

Kies-speletjie:

Gebruik 2 vrywilligers en plaas hulle op teenoorstaande plekke in die vertrek. Hulle kan op 'n stoel staan of 'n blou en rooi vlaggie bo hul kop vashou sodat hulle maklik sigbaar is. Roep nou elke keer 2 teenoorstaande produkte of disse uit, en wys met elke item na die 2 vrywilligers. Die groep "kies" wat hulle dink die beste is deur na die vrywilliger te beweeg wat die item verteenwoordig.

Voorbeelde: Sonskyn vs Donderstorm

Sjokolade vs Slap tjips

Oros vs Crème Soda

Popcorn vs Smarties

Pizza vs pasta

Speel 'n **"Fear Factor"-speletjie** met die groep en vra vir 2 vrywilligers. Bind elke vrywilliger se oë toe en laat hulle gelyk aan dieselfde vloeistof proe. Bepaal 'n fynproe-wenner deurdat hulle elke keer so gou as moontlik moet raai wat hulle geproe het!

WYDING

Stilword-ritueel: soos by ontmoeting 1.

Temalied: "Jesus be the centre"

WOORD

Vra die groep wie kan onthou wat die vorige keer gebeur het? Ons het na die verhaal geluister van Jesus wat sy dissipels roep om Hom te volg. Wie kan die naam van een van die dissipels onthou? *(Gee kans vir antwoorde.)* Verlede keer het ons geëindig (Matt 4:23) waar Jesus deur die hele provinsie Galilea gegaan het. Hy het vir die mense geleer in die sinagoges en hulle vertel van die Goeie Boodskap dat God Koning is oor almal. Hy het ook al die mense gesond gemaak wat siek was.

Vandag gaan ons deel wees van die eerste wonderwerk wat Jesus gedoen het. Ons lees daarvan in Johannes 2. Miskien kan julle raai wat dit was. Dit was 'n troue. Wat gebeur alles by 'n troue? *(Kies 'n paar vrywilligers soos die kinders antwoord en gee aan hulle die hulpmiddels wat hulle nodig het om jou te help om die storie te vertel.)*

Teks: Johannes 2: 1-12

(Die karakters beeld die storie uit soos jy dit voorlees.)

'n Man en 'n vrou het getrou in die stad Kana in Galilea. Jesus se ma was ook daar. Die mense het vir Jesus en sy dissipels ook na die troue genooi. ***(Wat is dissipels nou weer? Dis mense wat iemand gevolg het en by hom geleer het.)*** Toe die wyn op was (*die kind wat kelner is, kan die beker omdop en vir die ander wys dit is op)*, het Jesus se ma vir Hom gesê: "Die wyn is op." Jesus het vir haar gesê: "Mevrou, hoekom sê jy dit vir My? Dit is nog nie my tyd nie."

Jesus se ma sê toe vir die kelners: "Julle moet doen wat Jesus vir julle sê." Daar was ses watervate van klip. Die Jode het die water in die vate gebruik om hulle te reinig. Daar was 90 tot 100 liter water in elke klipvat. Jesus het vir die kelners gesê: "Maak die vate vol water!" *(Gooi water in die fles wat dan rooi sal verander as teken van die nuwe wyn wat Jesus gemaak het.)* Hulle het die vate heeltemal volgemaak. Toe sê Jesus vir hulle: "Skep nou van die water en gee dit vir die hoofkelner!" Hulle het die water vir die hoofkelner gegee. Die hoofkelner het geproe dat die water wyn geword het. Hy het nie geweet waar die wyn vandaan kom nie, maar die kelners wat die water geskep het, het geweet. Die hoofkelner het die bruidegom geroep en vir hom gesê: "'n Mens moet eers die goeie wyn vir jou gaste gee. Later, wanneer die mense baie gedrink het, gee 'n mens die wyn wat nie so goed is nie. Maar jy het die beste wyn gebêre tot nou toe!"

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

Ek wonder hoe jy sou voel as jy 'n gas by die troue was.

Ek wonder wat was vir jou die belangrikste in die verhaal.

Ek wonder hoekom Jesus hierdie wonderteken gedoen het.

Hierdie was die eerste wonderteken wat Jesus gedoen het. Hy het dit in die stad Kana in Galilea gedoen. So het Jesus vir die mense gewys dat Hy God is en daarom het sy dissipels in Hom geglo. ***(Wat is 'n wonderteken? Dit is 'n wonderwerk wat wys Jesus is God. God is heeltyd aan die werk, maar 'n wonderwerk wil ons aandag daarop vestig dat Hy in beheer is.)***

Ek het by my 'n paar leidrade van ander wonderwerke wat Jesus gedoen het terwyl Hy op aarde was. Kan julle raai wat die wonderwerk is? *(marshmallow vissie – broodjies en vissies; bietjie sand – blinde genees; stukkie lap – melaatses genees)*

WERSKAF

Gee aan kinders die geleentheid om een van die moontlikhede wat genoem word, te kies en kreatief tyd daaraan te spandeer:

- Verskaf aan elkeen 2 papierborde of 2 papier sirkels met die kruik afgedruk op een. Laat hulle die kruik inkleur en die etiket blokkie in die middel daarvan uitknip. Hulle moet ook 'n blokkie rooi en blou inkleur op die 2e papier en met 'n "splitpin" aanmekaar heg. Soos die agterste papier draai, verander die blou water dan in rooi wyn.
- Gee aan elkeen 'n stukkie handdoek rol of 'n A4-grootte wit papier. Verdun rooi en blou kleursel en gebruik strootjies om "water en wyn" kunsskeppings te maak. (Plaas eenkant om droog te word voordat dit huis toe geneem word.)
- Verskaf aan elkeen 'n inkleurprent om in te kleur of 'n skoon A4-papier waarop hulle die belangrikste deel van die storie kan teken.
- Verskaf klei aan die kinders waarmee hulle 'n waterkruik kan maak.

Sluit af met die seënbede.